# Boekbesprekings / Book Reviews

**The Cape Gunsmith/Die Kaapse Geweersmid (Barry M. Berkovitch) (afrikaanse vertaling deur Fred van Coppenhagen)**

In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op 'n Nasionale Vlak (RP 113/1975), word vyf kolomme gewy aan historiese vuurwapens. Die kommissie wys op die belangrike plek wat vuurwapens in Suid-Afrika se wordingsgeskiedenis inneem en voeg daaraan toe dat geen museum in Suid-Afrika hierdie belangrike veld in sy uitstallings dek nie.

Ongeag hierdie feit, naamlik dat ons geskiedenis onlosmaaklik om die vuurwapen verbind is, is ook bittermin oor die onderwerp geskrywe. Daarom was die verskyning van die boek *The Cape Gunsmith* (1976) so 'n heuglike gebeurtenis. Die Afrikaanse vertaling hiervan, wat so pas verskyn het, is, sover my kennis strek, slegs die tweede boek wat ooit in Afrikaans oor historiese vuurwapens gepubliseer is.

*Die Kaapse Geweersmid* handel, soos die titel aandui, oor die lewe en werk van ons vroeë geweersmids en -handelaars. Die gegewens oor hierdie pioniers getuig van omvangryke en liefdevolle navorsing. Voorbeelde van hulle werk vorm die basis van die talle afbeeldings wat die boek versier. Hierdie foto's van sommige van die seldsaamste — en ook beroemdste — vuurwapens in Suid-Afrika se geskiedenis is spesifiek en so duidelik dat dit vir identifiseringsdoeleindes gebruik kan word. So 'n keurige boek soos hierdie — hetsy die Afrikaanse of Engelse kopie — behoort op elke vuurwapenversamelaar se boekrak.

Barry Berkovitch, die skrywer van die boek, het geen bekendstelling nodig nie. As versamelaar van vuurwapens en as erekurator van die Kruithuis — waar die vuurwapenversameling van die Stellenboschmuseum gehuisves word — is hy sekerlik die grootste kenner van historiese vuurwapens in Suid-Afrika. Die boek onder bespreking bevestig by uitnemendheid mnr Berkovitch se meesterskap.

*Die Kaapse Geweersmid* is die derde publikasie in die Stellenboschmuseum se 'Kaapse' reeks. Dit kos R8,70 en kan direk van die Stellenboschmuseum, Drostdystraat, Stellenbosch, 7600 aangekoop word.

W. Otto